
05

# PAASFEES

Jaargang 24 | 20 Maart 2026

# VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER



NG Kerk
Vrystaat

NG Kerk
Vrystaat



Celicia McLean
# REDAKTEUR

### BYDRAES EN NAVRAE

voor 12:00 Dinsdae na
**cmclean@ngkvs.co.za**

***Lig in die duisternis,***
*hier vir God, mekaar en die wêreld*

## FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

## ARTIKELSKRYWERS

Suzanne van der Merwe
Mariëtte Odendaal - Béneli Pretorius
Enrico Casaleggio | Andries Gous
Leon M Foot | Maryna van Wyk
*CLF* | *Kerkbode* | *Bybel-Media* | *Engo* Vrystaat
*Bybelgenootskap SA*

## PAASFEES

Paasfees vier die opstanding van **Jesus Christus**, wat, volgens sy volgelinge, op die derde dag na sy **kruisiging** uit die dood uit opgestaan het (ongeveer 27 tot 33 n.C.). Paasfees verwys ook na 'n seisoen in die kerkjaar, en duur vir vyftig dae, van Paassondag tot **Pinksterdag**. Dié tradisie van vyftig dae het sy oorspring in die tydperk tussen die **Joodse** feeste Pesach en **Sjavuot**. Daarbenewens verwys die Paaskring na een van die belangrikste periode van die **liturgiese jaar**, wat vanaf **Aswoensdag** tot Trinitatis, die Sondag ná **Pinkster**, streek.

(*Oorgeneem uit: af.wikipedia.org*)

## DAGBOEK DÍT

**Kopskuif vir pastors – hospitaalbesoek van kroniese siek persone** | R350 | 2 Sessies
Dinsdag **24 Maart 2026**, 19:00 - 21:00

## VOLGENDE VRYPOS

*VRYPOS* hou vakansie. Die volgende uitgawe van *VRYPOS* sal op **Vrydag 17 April** verskyn. Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# INHOUD


## VRYPOS-FOKUS 03

BEDIENINGSBEGELEIDING | VBO Netwerk
**Suzanne van der Merwe** | *Kroniese Kronieke - narratiewe van 'n nuwe normaal*

## ARTIKELS 05

05 | VISIONERING | Vrouebediening
**Mariëtte Odendaal** | *God roep jou – ons vroue word toegerus*

07 | VENNOTE IN GETUIENIS | Islam
**Enrico Casaleggio** | *Die verskil tussen die God van die Bybel en Allah (Nr 4) - Verlossing uit genade teenoor verlossing deur werke*

09 | VENNOTE IN GETUIENIS | DEGNOS
**Andries Gous** | *DEGNOS-dinge*

## MEDIATEEK 11

**Leon M Foot** | *Kom lees 'n boek:*

Richard Bauckham
***Living with other creatures: green exegesis and theology***

Henry Cloud
***Changes That Heal***

## VERJAARSDAE 13

## EKOLOGIE 14

**Mariëtte Odendaal** | **Aarde-uur, 28 Maart 2026**
*– vier 20 jaar van impak!*

## AKTUEEL | ALGEMEEN 15

**15** | 2026 Predikante SAAMkoms
**18** | CLF - Pinksterreeks 2026
**19** | Advertensies

## OPLEIDING 20

## KERKBODE BROKKIES 21

## PUBLIKASIES 23

## WAT'S NUUS? 24
## KALENDER
## VAKATURES/AFLOSLYS
## PREDIKANTENUUS

## 'N LAASTE GEDAGTE 25

**Maryna van Wyk** | *Hou vas aan God*

## KONTAK ONS 26



# Kroniese Kronieke

## *narratiewe van ’n nuwe normaal*

BEDIENINGSBEGELEIDING
VBO Netwerk
*Dr Suzanne van der Merwe*

**Jou reis met kroniese siekte is ons prioriteit**

### Rumatoïede outo-immuunsiekte (ROS)

Hierdie artikel bied informasie vanuit **Kroniese Kronieke** se voortgaande navorsing oor die persoonlike ervaring van kroniese siekte met die fokus op selfbestuur, versorger-ondersteuning, professionele begeleiding en die werks- en gemeenskapsruimtes waarin mense met kroniese siektes leef. Vanuit ’n waardegedrewe raamwerk wat ook binne geloofskringe resoneer, word wetenskap en persoonlike verhale in gesprek gebring.

### *Kroniese Kronieke*

**Dr Suzanne van der Merwe**, besigheidshoof en woordvoerder, in samewerking met **me Matilda Swanepoel**, navorsingsdeelgenoot en informasiebestuurder.

### Wanneer die immuunstelsel meer as beweging steel

“Daar is bekommernis in my hart,” skryf ’n navorsingsgenoot wat tien jaar gelede met rumatoïede outo-immuunsiekte gediagnoseer is. “Ek ervaar hoedat die progressie van die siekte my lewenskwaliteit bedreig.” (Lamentoso, 2025:8). Rumatoïede outo-immuunsiekte (ROS) is ’n komplekse sistemiese outo-immuunreaksie wat die liggaam ...

**Lees** meer »

*Narratief-pastorale verdieping deur poëtiese analise*

KRONIESE KRONIEKE

## Kopskuif vir pastors

10 VBO-PUNTE

# HOSPITAALBESOEK VAN KRONIESE SIEK PERSONE

*Twee aanlyn-sessies*

19:00 – 21:00
**24 MRT**

+


19:00 – 21:00
**5 MEI**

Is die hospitaalbed van 'n kroniese siek persoon vir jou as pastor 'n plek van onsekerheid en selfs spanning? Voel die gang na die hospitaalkamer langer as wat dit werklik is? Worstel jy ook dikwels met vrae soos: ***Wat moet ek sê? Watter Skrifwoord moet ek bring? Hoe bid 'n mens hier reg?***

R350 vir 'n **elektroniese weergawe** van *Lamentoso óf* R450 vir 'n **harde kopie** wat gekoerier word



**ME MATILDA**
Swanepoel



**DR SUZANNE**
van der Merwe



**DR THEO**
Kleynhans

**SESSIE 1**
*Die dinamika van die stem en die stoel in die hospitaalkamer*

**SESSIE 2**
*'n Perspektief op 'n hospitaal-ervaring deur 'n kroniese siek persoon: Kliniese wit*

**REGISTREER** teen 23 Maart


+27 (0)63 478 5988
dr.suzannevdm@gmail.com
www.kroniesekroniekeonline.com

NG Kerk Vrystaat

KleynVDM
PUBLISHING | CONTENT CREATION | WELLNESS DEVELOPMENT

# ARTIKELS
## UIT DIE SINODE

***Foto:** Roedolf Botha, eKerk (deur Jonathan Ball Publishers)*



VISIONERING
Vrouebediening
*Mariëtte Odendaal*

*God roep jou ...*

# Ons vroue word toegerus

Die vroue in gemeentes is dikwels die stille krag agter baie van ons Kerkwees-projekte en stort baie van hul kreatiewe energie daarin. Daarom is dit vir hulle nodig om soms weg te breek van die alledaagse en om weer 'n slag geestelik gevoed te word met die Woord, die samesyn van medegelowige vroue en die ervaring van God se teenwoordigheid in die natuur.

En dit is presies wat gebeur het toe 130 vroue vanaf 20 tot 22 Februarie uit verskeie ringe die nou al baie gewilde Vrouetoerustingsnaweek by die pragtige privaat-natuurkamp, **Amanzi**, buite Brandfort bygewoon het.

> *"Die gasspreker, Roedolf (Botha), het ons daaraan herinner dat God ons roep om anti-broos te wees; om aan die brand te wees vir Jesus, die evangelie en die Kerk. Ons moenie broos wees soos 'n kersvlam wat deur die winde van verandering en uitdagings doodgewaai word nie, maar ons moet anti-broos wees soos 'n vuur wat deur daardie selfde wind gevoed word en sterker word."*
>
> **Béneli Pretorius**
> Vrouediensvoorsitter

Die omgewing en uitleg van Amanzi leen hom ook boonop tot 'n vrouekamp van hierdie aard en veral die tema van die toerustingsnaweek, 'God roep jou'. Daar was dertig gemeentes van ons sinode verteenwoordig, en selfs iemand van 'n gemeente uit die Wes-Kaap, naamlik die NG Gemeente Bloubergstrand, het dit bygewoon.

Ons het met die Vrouediensvoorsitter, Béneli Pretorius, gaan gesels om te hoor hoe hulle die naweek beleef het.

**Béneli, hoe sou jy die ingesteldheid van die vroue vir dié naweek beskryf?**

"Soos elke jaar was daar groot opwinding in die lug ... en dan die vreugde om geloofsvriendinne weer na 'n jaar uit dertig verskillende gemeentes van reg oor die Vrystaat te sien.


**Lees** meer »



NG Kerk Vrystaat

# Barend Wessels
## Gedenksentrum







MEENTHUISE
# TE HUUR

**Barend Wessels Gedenksentrum** is 'n behuisingskompleks in Bloemfontein wat uit meenthuise bestaan en is sentraal geleë naby winkelsentrums. Dié meenthuis-kompleks is nie 'n aftree-oord nie en ook nie diere-vriendelik nie.

**HUURBEDRAG**

**R8,380** / MAAND

**MEENTHUIS SE LIGGING**

NP van Wyk Louwstraat,
Langenhovenpark, BFN, 9301

**KENMERKE**

- 2 Slaapkamers
- 1 Badkamer
- 1 Motorhuis
- 110 m²

**KONTAK ONS VIR MEER INLIGTING** ngkerkvrystaat.co.za ontvangs@ngkvs.co.za (051) 406 6700

# ISLAM

## Die verskil tussen die God van die Bybel en Allah | Nr 4

### *Verlossing uit genade teenoor verlossing deur werke*

Ons het in die vorige artikel gesien dat die God van die Bybel neerbuig na sy kinders, terwyl die navolgers van ander gode (insluitende Allah) moet "opklim" na God. Dit beteken dat hulle hul gode moet paai en tevrede stel met goeie dade of offers. Hulle moet in effek hulle eie verlossing verdien.

Die kern van die saak is dat Christene glo dat hulle uit genade alleen gered word (*Sola Gratia*). 'n Teks (om maar net een te noem) is Efesiërs 2:8, waar ons lees: "Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie."

Ons leef in 'n wêreld waar genade nie maklik verstaan word nie. Daar waar ons werk en speel moet jy altyd iets reg doen sodat jy iets kan kry. Die aktrise Grace Kelly het by geleentheid gesê: *"My father had a very simple view of life: you don't get anything for nothing. Everything has to be earned, through work, persistence and honesty."* Dit maak "genade" vir ons 'n baie moeilike konsep om ons eie te maak, omdat genade juis is om iets te ontvang waarvoor ons nie gewerk het nie. Ons ontvang verlossing en die ewige lewe wat Christus vir ons verdien het. Die ewige dood wat ons wél verdien het, het op Hom afgekom.

In Islam is daar geen genade nie. Jy moet self jou plek in die paradys verdien deur jou werke.

Volgens hulle sal daar by die eindoordeel 'n skaal wees waarop jou goeie en slegte dade geweeg word en dit wat die swaarste weeg sal bepaal waar jy die ewigheid deurbring. In Sura 23:102-103 staan daar: *"As for those whose scale is heavy with good deeds, it is they who will be successful. But those whose scale is light, they will have doomed themselves, staying in Hell forever."* In Sura 7:8,9 staan daar ook: ***"And the measuring out on that day will be just; then as for him whose measure (of good deeds) is heavy, those are they who shall be successful. And as for him whose measure (of good deeds) is light, those are they who have made their souls suffer loss because they disbelieved in our communications."***

**Die weeg van die mens se dade gaan selfs verder as die oordeel wat 'n Moslem se ewige bestemming betref, dit bepaal selfs die mate van jou vergoeding in die paradys.** Islamitiese teologie beskryf 'n vorm van hiërargie in die hemel — waarna dikwels verwys word as die sewe vlakke van *Jannah* (Paradys). Hierdie vlakke weerspieël die geestelike rang en dade van individue, met hoër vlakke wat gereserveer is vir diegene wat groter geloof, vroomheid en goeie werke getoon het.

Die Gereformeerde tradisie, gegrond in *sola gratia* (genade alleen) en *sola fide* (geloof alleen), beklemtoon dat verlossing en toegang tot die ewige lewe 'n geskenk van God is, nie 'n verdienste nie. Alle gelowiges is gelyk voor God, omdat niemand op hul eie werke kan roem nie.

*[1] **Lloyd-Jones, M.** 1990. The Cross. Banner of Truth: Pennsylvania.*

*'n Reeks Islam-artikels. Hierdie artikel handel hoofsaaklik oor die verskil tussen die God van die Bybel en Allah: Verlossing uit genade teenoor verlossing deur werke.*

**Lees** meer »

# #imagine

## 28-30 March 2026

## called + sent

MATTHEW 4:19



**Freestate**

Bothaville - Nampo Park

**R780 (Transport excluded)**

Teenagers 13-18 years

# ARTIKELS

UIT DIE SINODE






# DEGNOS-dinge

VENNOTE IN GETUIENIS
DEGNOS
*Andries Gous*

## Liewe vriende van DEGNOS

Na afloop van die besoek aan Hentiesbaai saam met die koor het die fokus onmiddellik verskuif na die voorbereiding vir die volgende groep van 22 studente wat hul eerste blokopleiding bygewoon het. Hierdie groep, bekend as Groep 2 Blok 1, het die module *Vaste Fondamente* aangepak.

Die opleiding het weereens as 'n besondere hoogtepunt uitgestaan. Studente het met oorgawe deelgeneem aan intensiewe klasse wat daagliks van vroegoggend 07:30 tot laatmiddag 17:00 gestrek het, met addisionele huiswerk wat teen die volgende dag voltooi moes word. Wat veral opvallend was, is hoe studente van uiteenlopende agtergronde aanvanklik as vreemdelinge aangekom het, maar as 'n hegte groep vertrek het – saamgesnoer deur gedeelde uitdagings en geestelike groei.

Gedurende die week het daar merkbare geestelike verdieping plaasgevind. Studente het nuwe insigte verkry, onder andere oor die werklikheid van die Drie-eenheid van God.

Daar was ook duidelike oomblikke van verligting toe studente besef het dat die duiwel 'n skepsel en nie 'n skepper is nie, en dat sy aard as "die vader van die leuen" in Johannes 8:44 geopenbaar word. Die skeppingsverhaal het opnuut sekerheid gebring en die besef verdiep dat God alles goed en mooi geskep het vir die Bruid van sy Seun.

In die module oor geestelike groei het ds Dirk en ds Amon die studente begelei in hul roepingsbewustheid. Studente is gehelp om vry te kom van skuld en vrees, en is uitgedaag tot verdere geestelike groei. Hierdie temas het aanleiding gegee tot diep en eerlike klasgesprekke waarin moeilike vrae aangespreek is. 'n Kernaspek van die opleiding by DEGNOS bly die mentorskapgesprekke. Elke student het die geleentheid gekry vir 'n intensiewe persoonlike gesprek waarin hul geestelike reis bespreek is.

**Lees** meer »

**DOEN JY ADMINISTRASIE? HIERDIE IS VIR JOU!**

**ALLE** SKRIBAS | GEMEENTEBESTUURDERS | KERKKANTOORPERSONEEL
**NUWE PERSONEEL**

# SKRIBA OPLEIDING 2



## TERTIUS BOTHA

Fasiliteerder

NG Kerk Vrystaat

**’n Opvolgkursus waar ons kyk na wat alles na die Argief gestuur moet word en hoe om daardie inligting te verwerk en deur te gee.** Ons kyk ook oorsigtelik na die werksaamhede van die Sinodale kantoor, die POPI-wetgewing, die Kerkorde, die opstel van agendas en skryf van notules en die Bydraes vir Gesamentlike Werksaamhede.

## 9 APRIL • R150

**SINODALE KERKKANTOOR | 09:00**

NG Kerk Vrystaat, Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bloemfontein, 9301

**VIR MEER INLIGTING** (051) 406 6700 tbotha@ngkvs.co.za

# KOM, LEES 'N BOEK




Oorgeneem uit © 1996-2026, Amazon.com

## Richard Bauckham
## *Living with other creatures: green exegesis and theology*

Die Bybel en Christelike tradisie het, op sy beste, 'n dubbelsinnige woord aangebied in reaksie op die Aarde se omgewingsprobleme. Op sy ergste het 'n komplekse, dikwels eensydige geskiedenis van interpretasie die Bybel se stem stil gelaat. Met die doel om hierdie gapings te oorbrug, ontgin Richard Bauckham die Skrif en teologie en ontdek 'n ferm opdrag vir Christene om vir God se hele skepping te sorg, en bespreek dan die generasies teoloë wat probeer het om hierdie Bybelse mandaat uit te leef. *Living with Other Creatures* gaan verder as die Ou Testamentiese menslike heerskappy en raadpleeg die Skrif in sy geheel, dit sluit Jesus se perspektiewe op die skepping, nuwe benaderings tot die lees van die evangelies en sommige van die bekendste "ekoloë" dwarsdeur die Christelike geskiedenis in. Die resultaat is 'n innoverende en verrykende verhandeling wat lesers herinner aan God se hele skepping – en die mensdom se plek daarin.

## Henry Cloud
## *Changes That Heal*

Nog nooit tevore het 'n kenner die stappe na selfvervulling en bevredigende verhoudings met sulke duidelike, insiggewende en maklik-om-te-volg riglyne gedefinieer nie. In *Changes That Heal* kombineer dr Henry Cloud, 'n bekende kliniese sielkundige, sy kundigheid, goed ontwikkelde geloof en skerp begrip van die menslike natuur in 'n vierstap-program van genesing en groei. Dr Cloud se aardse plan wys jou hoe om met ander te bind vir werklik intieme verhoudings, van ander af te skei en 'n gevoel van self te ontwikkel, die goeie en slegte in jouself en ander te verstaan en emosioneel en geestelik te groei na volwassenheid.

Gevul met fassinerende gevallestudies en nuttige, maklik-om-aan te pas tegnieke, bied hierdie opgedateerde uitgawe van die klassieke *Changes That Heal* goeie advies wat jou help om die meeste uit jou lewe te kry, die wonde van jou verlede te genees en blywende, liefdevolle verhoudings te bou.

BEDIENINGSBEGELEIDING
Mediateek
*Dr Leon M Foot*

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

*Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor*

Navrae | **Anelia van den Blink**
**kuratorium@ngkvs.co.za**

Vrystaat Werkgemeenskap
nooi u uit:

# OP PAD NA 'N KLOOSTER IN DIE SNEEU

*Johannes de Villiers in paneelbepsreking met dr. Martin Laubscher, dr. Francois Smith en prof. Johann Rossouw*

**26 Maart 2026 - 18:00**

**NALN**

**RSVP 23 Maart hoffmanl@ufs.ac.za**

Vriende
NALN
Musiek Letterkunde Toneel

# VERJAARSDAE

ngkerkvrystaat.co.za

# VEELS
## GELUK



Wense van voorspoed, God se seëninge en genade vir die nuwe lewensjaar.

### MAART

20 Ds Frans du Toit – HOOPSTAD
22 Ds Ockie Olivier – VIERFONTEIN
24 Ds Johann Kemp – CORNELIA
27 Ds Deon Groenewald – EDENVILLE
30 Ds Werner Burger – ZASTRON

### APRIL

01 Ds Gert Oosthuizen – KOPPIES-WELTEVREDE
02 Prof Henco v/d Westhuizen – TEOLOGIESE OPLEIDING
02 Ds Stephan Swart – BETHLEHEM-EFRATA
06 Ds Fred Wilson – BOTHAVILLE-NOORD
08 Ds Org van der Watt – KERKENBERG
09 Ds Jors Reynders – BLOEMHEUWEL
16 Ds André Botha – BETHLEHEM-OOS

– Lekker verjaar –



BEDIENINGSBEGELEIDING
Ekologie Netwerk
*Mariëtte Odendaal*

# Aarde-uur
## vier 20 jaar van impak!

Op **Saterdag, 28 Maart 2026, tussen 20:30 en 21:30**, kry miljoene mense regoor die wêreld weer die geleentheid om saam stil te staan by die toekoms van ons planeet. Van groot stede tot klein dorpe – ligte gaan af, en bewusmaking gaan aan.

Aarde-uur, 'n inisiatief van **World Wide Fund for Nature (WWF)**, vier vanjaar 20 jaar van wêreldwye impak. Wat begin het as 'n simboliese gebaar in een stad, het gegroei tot een van die grootste omgewingsbewegings ter wêreld. Dit herinner ons dat kollektiewe optrede – selfs iets so eenvoudig soos om 'n lig af te skakel – 'n kragtige boodskap kan stuur. In Suid-Afrika sluit individue, gesinne, besighede en gemeenskappe aan by hierdie wêreldwye beweging. Deur **nie-noodsaaklike ligte vir een uur af te skakel**, wys ons ons verbintenis tot klimaatsaksie en die beskerming van natuurlike hulpbronne vir toekomstige geslagte.

Maar Aarde-uur gaan oor meer as net een uur sonder ligte. Dit gaan oor volhoubare keuses elke dag – om energie te bespaar, bewus te leef en aktief deel te wees van oplossings vir klimaatsverandering.

**Lees** meer »

# 2026 PREDIKANTE SAAMKOMS

SAAM **BID** | SAAM **VIER** | SAAM **KUIER** | SAAM **GROEI**



## Wees deel van 'n unieke geleentheid – dalk die enigste keer in jou bediening wat jy dit sal kan beleef!

Dink jou die belewenis in om vir drie dae **SAAM** met 750 toegewyde kollegas te bid, te vier, te kuier en te groei. Dink jou in, 'n geleentheid vir predikante om SAAM te wees – nie vir 'n sinodesitting of konferensie nie, nie vir verslae en besluite nie, maar om mekaar as geroepenes te beleef.

### Hoekom ?

- Iets helemaal anders as wat jy dink.
- Belê in jouself, jou bediening en jou roeping.
- Saam met kollegas uit alle streke.
- Een keer in jou hele bediening.

### Sinode ?

- Jy kies jou eie program: gesprekke, verdieping in die Woord, stilte, stap, stories, kreatiwiteit, berglug. En elke oggend en aand kom ons saam in eenvoud om te bid en te vier. Geen debat. Geen vergaderings.

### Duur ?

- Die Algemene Sinode subsidieer 80% van die koste. Jy betaal net volgens jou verblyfkeuse. (Gemeentes kan predikante help hiermee)
- Die goedkoopste vervoeropsie (ry of vlieg) word gesubsideer.

### Wanneer ?

- Arriveer 24 Augustus 2026
- SAAMKOMS van 25 - 27 Augustus 2026 (drie volle dae)
- Vertrek weer 28 Augustus 2026

**Lees hier »**

ATKV Resorts GOUDINI SPA
YOUR VACATION INSPIRATION




Ons soek jou stem
IDEE
ATELJEE
Neem ’n inspirerende, kort toespraak op en staan ’n kans om dit by die Predikante Saamkoms in Augustus te deel.
Kom deel jou idees
Lees hier
PREDIKANTE SAAMKOMS
SAAM BID | SAAM VIER | SAAM KUIER | SAAM GROEI

# Faculty of Theology and Religion

## The Department of Practical and Missional Theology

# INVITATION TO PUBLIC LECTURE



## The Sacraments and our knees

**Date:** 23 March 2026

**Time:** 14:15 - 15:30

**Venue:** HMS 10

**Prof Claudio Carvalhaes**
**Union Theological Seminary, USA**

Prof Cláudio Carvalhaes is an earth thinker, theologian, liturgist, performer, artist, and playwright originally from São Paulo, Brazil. He is Professor of Worship at Union Theological Seminary in New York and was promoted to Full Professor in 2023.

In the same year, he received the honorary degree Sacrae Theologiae Doctor from Starr King School for the Ministry, and his play When Wajcha Meets Pachamama won the award for Most Creative Play at the New York Theater Festival.

Carvalhaes is the author of several books, including Liturgies from Below: Prayers from People at the Ends of the World and Inventory, Metamorphoses and Emergenc(i)es: How Do We Become Green People and Earth Communities, reflecting his work at the intersection of worship, ecology, and justice.

Prof Claudio Carvalhaes
Union Theological Seminary

https://www.ufs.ac.za/theology
laubscherm@ufs.ac.za

*Inspiring excellence, transforming lives through quality, impact, and care.*





## **Pinksterreeks** 2026

*Ontwrig die verdeeldheid: 'n Pinksterreis na Eenheid, Heiligheid en 'n Nuwe Mensheid in Christus* is 'n kragtige seweledige preekreeks deur Phumlani Ngwenya en Mikal Barnes, gebaseer op hul komende boek wat deur CLF uitgegee word. Die reeks put diep uit die Suid-Afrikaanse verhaal en die Bybelse Pinkstergebeure om die Kerk uit te daag om weer die eenheid te leef waarvoor Jesus in Johannes 17 gebid het. Dit hou die Kerk 'n spieël voor - om haar eie verdeeldheid, trots en kulturele gevangenskap te erken - en bied terselfdertyd 'n padkaart vir 'n Gees-geleide reis na genesing en versoening. Met temas soos liefde as dryfkrag, heiligheid en nederigheid, waaksaamheid teen geestelike Trojanse perde, en Christus bo kultuur, roep hierdie reeks gelowiges en gemeentes op tot 'n "heilige ontwrigting" wat ware gemeenskap en transformasie bring. Die uiteindelike doel? Die vorming van 'n nuwe mensheid in Christus - 'n versoende volk wie se lewe die geloofwaardigheid van die evangelie aan 'n verdeelde wêreld toon.

Laai dit **hier** van CLF se Hulpbronsentrum af.




Getuig saam met
LiG


Gebedskers
Hierdie kers vervang nie gebed nie, dit dra my gebed verder.
Staan saam in
Gebed
www.boodskapvirvandag.co.za


Home
Content
Shop
Doen meer met
www.missio.org.za
UNIEKE VERKOOPPUNTE


Engo Kinder- en Jeugsorg bied aan
22 & 23 Mei
Engo


UPLIFT, DEFEND, TRANSFORM!
Engo


Samba
DIE SAMBA ROLBAL LIGA


Paasfees
AFRIKAANS
2020-vertaling
R107*
DIE BYBEL
Volledige Bybel, mediumgrootte, swart hardeband, voetnote,
www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika


SPAAR
TOT SOVEEL AS
50%
Paasfees
DIE BYBEL
www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika


Paasfees
2 MAART – 30 APRIL 2026
BYBELUITVERKOPING
WAS
R520
NOU
R299
DIE BYBEL
WAS
R520
NOU
R299

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE




**10 Februarie *opname***

2 VBO-punte

Islam vandag 1: Wat Christene regtig moet weet




**17 Februarie *opname***

2 VBO-punte

Islam vandag 2: Wat Christene regtig moet weet




**24 Februarie *opname***

2 VBO-punte


Islam vandag 3: Wat Christene regtig moet weet




**3 Maart *opname***

2 VBO-punte

Balans in die Bediening met dr Gustav Gous van Work-Life Workshop




**21 April**

5 VBO-punte

'n Pastoraal-holistiese benadering tot kanker



**21 Mei**

2 VBO-punte

Kom ontmoet met die Heiliges: Antonius met Lisel Joubert




**25 Maart**

5 VBO-punte

Ritme Leierskap
Leiers wat droom




**APR-NOV 2026**

50 VBO-punte

Mentorskapopleiding 2026 - maandelikse aanlyn temas




**25 - 26 Maart**

20 VBO-punte

Aftrede is nie 'n punt nie – dit is 'n komma.

# KERKNUUS EN PUBLIKASIES

KERKBODE BROKKIES | PUBLIKASIES

**kerkbode** BROKKIES


**Kollig** Luister nou

**Ondersteun Kerkbode** Maak 'n donasie




## Pieter Coertzen, kerkregkenner, sterf

*19 Maart 2026*
*Kerkbode*
*In Memoriam*
*Gerdrie van der Merwe*



## Nadia Marais: Die geskenk van hulpeloosheid

*18 Maart 2026*
*Kerkbode*
*Gedagtes oor kerkwees*
*Rubrieke*
*Nadia Marais*



## Roepingsverhale: Nege predikante kyk terug op hulle geloofsreis

*17 Maart 2026*
*Kerkbode*
*Artikels*



## Elders gesien | **#imagine: Borg 'n tiener!**

*17 Maart 2026*
*Kerkbode*
*Nuus*



## Johan van der Merwe | Menseregtedag: 'n Uitdaging aan die NGK?

*16 Maart 2026*
*Kerkbode*
*Dinkstof*
*Johan Van der Merwe*




## Kollig-podsending | 'Jesus het Sy hande vuil gemaak en dis wat die kerk moet doen' – Gesprek met Nico Simpson

*13 Maart 2026*
*Kerkbode*
*Nuus*

Google Play  kerkbode.christians.co.za  App Store

# Advancing social cohesion in groups & teams



Groups/ Teams are more than the sum of the parts - Do you know how to access the group's wisdom?

Do you focus on individuals that want to work and forget about the team?

Do you want simple strategies to make your team/ group/ committee more cohesive?

**Then this short course @ Hugenote Kollege is for YOU!**

**Hybrid In-person & online learning**

**7 contact sessions**

**25 April- 27 June 2026**

**Limited places: 15**

**Register by: 30 March 2026**

**For more information CLICK HERE**

hugenote kollege

OT Grow

BM
Bybel-Media

## Gebedsboek vir tye wat tel

R360




### Ontdek die heilige in die gewone

Hierdie *365 gebede in die ritme van genade*-gebedsboek neem jou saam op Jesus se pad deur die lewe en deur die seisoene van die kerkjaar – van Advent tot Koninkrykstyd. Die gebede sal jou inspireer sodat jou geloofslewe 'n getuienis word van Jesus se ritme van geloof, hoop, liefde en genade. Dié bundel gebede sal jou help om stil te word en God se stem te hoor, om Christus se lewe te volg en jou lewe in pas met sy lewe te bring, om ankerpunte vir jou geloof te vind, om heilige oomblikke in gewone dae te ontdek en om gebedsgewoontes te vestig wat jou geloof voed. Leef en beleef jou geloof ritmies en dieper, elke dag in pas met die Here. Elke gewone oomblik word immers 'n heilige oomblik wanneer jy Christus daarin ontmoet.

## Jy IS 'n ma duisend

R160





### Ontmoet God in die chaos van ma-wees

As jy ooit wonder of jy, die ma van jong kinders, genoeg is – hiér is 'n boek vir jou! In 31 eerlike en bemoedigende *essays* deel Francine Prins en Maryke Hansen stories uit hulle eie lewe as ma's. Hulle stories is nie glansfoto's van perfekte ma-wees nie, maar vertel van egte oomblikke van lag én trane, van geloof, hoop en liefde – sommerso tussen die koekiekrummels op die bank, histeriese huilbuie, oorvol wasgoed-mandjies, onderbroke slaap, speelgoed wat oor die vloer gesaai lê, kos wat wil-wil aanbrand en gebede wat halfpad onderbreek word. *Jy IS 'n ma duisend* is geskryf deur ma's vir ma's, om hulle te bemoedig en hulle te herinner dat God elke oomblik by hulle is, in tye van chaos én in tye van vrede.

## God is ...

R320




### 'n Reis nader aan God se hart

Leer ken God op 'n nuwe manier. Ontdek opnuut God se onbeskryflike grootheid en heerlikheid. Groei nader aan God en laat jou hart warm word wanneer jy lees en nadink oor 30 baie besonderse eienskappe van God. Ons God is die ewige, almagtige, alomteenwoordige, onsienlike, onbegryplike, soewereine, genadige, heilige, liefdevolle, alwyse, al-wetende, getroue en betroubare God. Die enigste en ware Redder, Verlosser, Oorwinnaar, Bevryder en Skepper, die Here van alle heersers en die Koning van alle konings. Mag hierdie boek jou bring by die belydenis: *Aan God alleen behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid, tot in ewigheid.*

# WAT'S NUUS?

## KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NG Kerk Vrystaat

Gemeente**gebeure**

Kalender | Belangrike datums

### KALENDER

skakel@ngkvs.co.za
Adverteer **hier**

### VAKATURES

### AFLOS

kerkbode

Interaktiewe **Dagboek**

Deel jou dagboek hier

### DAGBOEK

### VAKATURES

vakatures@tydskrifte.co.za

### AMPTELIK

kerkbode@tydskrifte.co.za

## AMPTELIKE PREDIKANTENUUS

**SINODESITTING** | Die **NG Kerk Vrystaat** gee hiermee kennis dat die 55ste sinodesitting van die Vrystaat plaasvind van Sondag 7 tot Woensdag 10 Junie 2026 te Nampopark op Bothaville. Navrae kan gerig word aan ds Hannes du Plessis, skriba van die Moderamen, **skriba@ngkvs.co.za** / 062 127 5300.

**AFTREDE** | **Ds Ockie Olivier** tree op 31 Maart 2026 af. Tydens 'n Kerkraadsvergadering van NG Gemeente Vierfontein op 12 Augustus 2025, is besluit om ds Olivier 'n kontrakpos aan te bied vir 'n verdere drie (3) jaar (2026 tot 2029). Vermelde kontrak is opgestel en deurgegee aan die skriba van die Ring van Valsrivier, ds Dylan Allen, wat ná 20 April 2026 terugvoer sal gee nadat dit by die ringsitting gedien het.




HULPBRON OPGEDATEER: SÓ WERK AMPTELIKE NUUS OOR PREDIKANTE WAT SKUIWE

Deur Kerkbode / 3 Julie 2025 / Amptelik

## ANDER SINODALESTREKE SE NUUS



***Foto:** Maryna van Wyk (verskaf)*

ALGEMEEN
Vryskutjoernalis/kopieskrywer
*Maryna van Wyk*

# Hou vas aan God

Min dinge kan die mensdom so aangryp soos 'n diertjie wat om een of ander rede swaarkry en dan gehelp of gered word. Een van hierdie verhale het hom die afgelope paar maande oor verskeie sosiale media-platforms afgespeel en gryp steeds die verbeelding van miljoene mense regoor die wêreld aan. Dit is die tragiese verhaal van die sewe-maande oue "Punch", die klein sneeu-apie wat in 'n Japanse dieretuin gebore is en later deur sy ma verwerp word. Die tonele waar klein Punch deur sy ma met 'n ferm hand weggestoot en selfs weggeklap word, het miljoene mense se harte aangeraak. Klein Punch het 'n simbool van hoop geword in 'n tyd waar die soeke na onvoorwaardelike liefde en 'n gevoel van veiligheid al hoe groter word.

Vir die diereryk heers daar wrede natuurwette, terwyl ons tans die moontlikheid van 'n uitgebreide oorlog in die Midde-Ooste in die gesig staar. Klein Punch leer vir ons van hoop in tye van teëspoed, want dié klein apie klim elke oggend uit 'n beton-skuiling terwyl hy sy opgestopte Orangoetang vasklou. Met lewendige ogies trotseer Punch elke dag die trop vyandige volwasse ape in die groot kamp van die dieretuin met 'n geloof dat elke nuwe dag beter sal wees as gister.

Ons is in hierdie tye bevrees en sukkel om wêreldleiers te vertrou in afwagting vir die toekoms. Tog het ons net een troos, om na ons Ewige Verlosser se Hand te reik en aan Sy genade vas te klou. 'n Lewendige God wat belowe het dat Hy ons nooit alleen sal laat nie, selfs in tye van onsekerheid en nood. Ek sien hoe klein Punch sy sagte speelding al agter hom aansleep deur die groot omheinde kamp en veiligheid vind in dit wat die naaste aan hom is.

**Lees** meer »



# KONTAK ONS

REDAKSIE

**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Juan du Toit, **skakel@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

## NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za


Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2026 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



**NG KERK VRYSTAAT | © 2026**

Departement

*KOMMUNIKASIE EN BEMARKING*